# Poppekas- 8 Sep 2024

# Tema: Voorkeure en vooroordele

(Voor die poppekas, terwyl die maats oploop, speel die Boer soek 'n vrou tema lied)

Wysmuis: Hallo Maatjies! Dit is vir my so lekker om by julle te kuier. Ek wonder, het julle my gemis?

(Maaitjies bly stil)

Wysmuis Ek kan nie julle mooi hoor nie, maar ek neem aan dit is 'n ja. Maatjies, ek het soos gewoonlik my 2 vriende saamgebring, maar ek wonder nou waar hulle is. Wag, wag, ek gaan hulle gou gaan haal...

(verdwyn agter die skerm en roep vir Stoffel en Lizzy)

Stoffel Môre Maats.

Lizzy Hallo Hallo Hallo, hier is Lizzy nou....

Stoffel Wysmuis. Noudie dag was daardie interessantste program op die televisie. Ek en my familie het dit gekyk en dit was so snaaks.

Lizzy Vertel Stoffel Vertel

Stoffel Ons het boek soek 'n AVO gekyk

Wysmuis (verbaas) Wat

Lizzy Dit kan nie wees nie, ek ken nie dit nie

Stoffel Boer soek 'n Avo. Die program op Kuiken net waar die boere iemand soek om saam met hul op die plaas te bly.

Wysmuis Oooo, dit is boer soek 'n VROU, Stoffel. Nie boek soek 'n Avo nie.

Stoffel Nou verstaan ek. Die program het my laat dink, aan my eie Trou vrou.

Lizzy Ek is te bang om te vra Stoffel. Vertel ons meer.

Stoffel My trouvrou moet baie mooi wees. Soos mooier as my Ma en Ouma en mooier as Mejuffrou Suid-Afrika.

Wysmuis Dit klink baie interessant

Stoffel Ja en daar is nog, sy moet ryk wees. Haar Pa moet die grootste huis in Sunridge hê en ook een waarna ek naweke in St Francis kan gaan.

Lizzy hahaha, jy is snaaks Stoffel

Stoffel Ek is nog nie klaar nie. Sy moet slegs Woolworths klere dra en my toelaat om twee keer ’n week gholf te speel.

Wysmuis Stoffel, wag wag nou. Ek het baie vrae vir jou, maar ek wil eers hoor, Lizzy, hoe lyk jou trou man?

Lizzy Ek het al baie oor hom gedink Wysmuis. Hy moet ’n “personal trainer” wees by Virgin active. Met groot sterk arms en groot kuite. Verder is dit vir my belangrik dat hy met die nuutste Toyota Hilux bakkie ry en hy moenie bril dra nie.

Stoffel So ou bestaan nie Lizzy.

Lizzy Hy doen, ek gaan hom vind, hou my maar dop.

Stoffel Nee jy gaan nie

Lizzy Ja, ek gaan hom vind.

Wysmuis Okay Okay julle twee. Rustig. Ek het vir julle ‘n vraag. Is die binnekant van daardie persoon vir julle enigsins belangrik?

Stoffel Definitief (pause)……. nie. Niemand sien die binnekant raak nie. Solank as wat sy mooi is, maak die res nie saak nie.

Lizzy Ek dink ook nie die binnekant maak saak nie. Solank as wat my man se arms groot in die deur vanuit die Hilux bakkie wys, is ek gelukkig

Wysmuis Ai Stoffel en Lizzy. Ek stem nie saam met julle nie

Stoffel (Sarkasties). Nou vertel jy dan vir ons, wyse muis, hoe sal jou trou man lyk

Lizzy Ja, ja, ek wil ook weet

Wysmuis Ek as Wysmuis, soek ‘n dapper muis. Maar dit maak nie vir my enigsins saak hoe hy aan die buitekant lyk nie. Vir my gaan dit ALLES oor die binnekant. Hy moet gaaf wees met ek en my vriende. Hy moet respek hê vir ek en my manier van doen. Hy moet sag met my werk wanneer ek ‘n fout maak of wanneer hy kwaad is.

Stoffel So maak hoe hy aan die buitekant lyk nie saak nie?

Wysmuis Uhhhm, nee dit doen dit nie Stoffel. Al is hy ‘n vet muis, n muis met skewe tande of een met lelike muiskleur hare , gaan dit nie vir my pla nie, want ek gaan baie geliefd voel omdat sy binnekant so mooi is.

Lizzy Ek wil ook graag hê my trou man se binnekant moet so wees.

Stoffel En my trouvrou ook. Sy moet soos ‘n Avokadopeer wees, Sag en mooi aan die binnekant.

Lizzy So jy was reg Stofel, dit is eintlik boer soek ‘n AVO.

Wysmuis So sien julle Stoffel en Lizzy, dit gaan nie eintlik oor die buitekant nie, maar liewer oor die binnekant. Ons as

mense (en ek ook) oordeel baiekeer mense opgrond van hoe hul lyk en dan ken ons hul glad nie.

Lizzy: Dit is waar. Ek sal ook baiekeer mense judge. Ek sal dink. daardie maatjie se ouers ry met 'n ou kar, so hulle is arm.

Stoffel: Ek ook Lizzy, ek dink gereeld dat maats wat stukkende ou klere dra, nie geld het by die huis nie.

Wysmuis Ons almal moet ophou daarmee. Want Jesus hou definitief nie van mense wat oordeel/judge nie. Hy wil hê ons moet lief wees vir almal.

Lizzy: En lief wees vir my trou man. …

Stoffel Ja! Ek wil ook begin soek, aan iemand wat mooi is (pause)………….. aan die binnekant.

Wysmuis Ja, ons is klaar. Onthou maats. Ons mag nie en moenie oordeel nie. Liefde wil nie oordeel nie, liefde wil verstaan. Julle moet elkeen 'n pragtige daggie he !!!!!!! Baaaaai.

Lizzy/Stoffel Baaaaaaaaaai